



OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK : UITSTEKENDE PLAAS OP TENDER TE KOOP

In opdrag van Mnr Neil William Theron word tenders hiermee aangevra vir die verkoop van die volgende eiendom:

- Restant van die plaas Zonderhout 291 gedeelte 0, Distrik Fouriesburg, Vrystaat Provinsie, 486,1670 (*vier honderd ses en tagtig komma een ses sewe nul*) hektaar.

NOTAS:

1. LIGGING

Ry vanaf Fouriesburg na Bethlehem op die R26 vir ongeveer 7.5 km en draai regs. Ry ongeveer 8, km en draai regs af na die plaas Zonderhout.

2. VERBETERINGS

- Sewe slaapkamer sandsteen woonhuis, ongeveer 300m²;
- Toegeboude stoor met sinkdak, 18 x 36m;
- Oop sink stoor 18 x 36m;
- Ou melkstal;
- Netjiese kraal;
- 3 grond damme;
- 233ha lande;
- 3 Fase Eskom krag;

3. WATERREGTE

OVK waarborg geensins die bestaan van waterregte nie. Dit is enige aanbieder se plig om homself te vergewis van die feite by die Departement van Waterwese of die Verkoper

4. DEPOSITO TEN OPSIGTE VAN KOOP

By aanvaarding van die tender sal die Koper 'n deposito van 10% betaal by ondertekening van die koopkontrak en moet die Koper binne 30 (dertig) dae nadat die verkoping bekragtig is, waarborge vir die balans van die koopprys lewer. Indien die tender aanvaar word, sal die eiendom deur die Verkoper aan die Koper beskikbaar gestel word op datum van registrasie van die eiendom in die Koper se naam, alternatiewelik soos deur die partye ooreengekom.

5. TENDERDOKUMENT

- 5.1 Slegs tenders wat op die voorgeskrewe tendervoorwaardes ingedien word, sal oorweeg word. Tendervoorwaardes kan verkry word by Pieter Minnaar, telefoon nommer 051 - 923 4500/4587, e-pos – **pieterm@ovk.co.za** alternatiewelik op die OVK webtuiste beskikbaar.
- 5.2 Tenders in verseëelde koeverte gemerk "Openbare Tender Aanbod: Fouriesburg plaas, vir aandag **Pieter Minnaar: OVK Eiendomme**", moet voor **16h00 op 21 September 2018** ingedien word by OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK se hoofkantoor te Dan Pienaarstraat 19, Ladybrand. Die aanbieder moet die aangehegte kontrak volledig onderteken deur op elke bladsy te parafeer. Die aanbieder moet ook alle kontakbesonderhede aan Pieter Minnaar verskaf om hom in staat te stel om met hom in verbinding te tree. Tenders sal geopen word na sluiting en sal die bona fide aanbieders van die hoogste algemene aanbod op die plaas verwittig word. Tenders kan ook voor die sluitingsdatum per epos versend word aan **pieterm@ovk.co.za** maar rus die verpligting dan op die persoon wat die metode verkies om te verseker dat sy tender ontvang is.
- 5.3 Die hoogste en / of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie, sonder enige opgaaf van redes.

6 VOORAF BESIGTING

Vir vooraf besigtiging skakel met:

Pieter Minnaar, 051 923 4587 of 082 569 4657

Hennie van der Merwe, 082 448 2704

Neil Theron (eienaar), 083 305 2394

VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN OPENBARE AANBOD



Waarop

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK

(hierna genoem OVK)

Behoorlik daartoe gelas is deur Mnr Neil William Theron (hierna genoem die VERKOPER) om per openbare aanbod die eiendom aan te bied naamlik:

Restant van die plaas Zonderhout 291 gedeelte 0, Distrik Fouriesburg, Vrystaat Provinsie, 486,1670 (*vier honderd ses en tagtig komma een ses sewe nul*) hektaar.

(hierna genoem die EIENDOM)

DIE VERKOPING SAL AAN DIE VOLGENDE TERME EN VOORWAARDES ONDERHEWIG WEES:

1. Die VERKOPER sal nie verplig wees om die hoogste, of enige openbare aanbod te aanvaar en/of redes te verskaf vir aanvaarding al dan nie.
2. Die verkoping sal geskied in terme van die Suid-Afrikaanse geldeenheid.
3. Ingeval die eiendom vir 'n derde party gekoop word en die nodige magtiging daarvoor nie onmiddellik tot bevrediging van die VERKOPER getoon word nie, sal die werklike aanbieder aanspreeklik gehou word vir die behoorlike afsluiting van die koop, ooreenkomstig hierdie voorwaardes van verkoping.
4. Indien die KOPER hierdie openbare aanbod namens 'n maatskappy/ beslote korporasie/trust onderteken, waarborg die KOPER hiermee aan die VERKOPER dat die maatskappy/beslote korporasie/trust hierin beskryf as die KOPER, 'n bestaande maatskappy/beslote korporasie/trust is en geregistreer is in terme van relevante Wetgewing.

Die Koper verklaar verder dat hy/sy by magte is om namens die maatskappy/beslote korporasie/trust op te tree.

5. Indien die KOPER hierdie openbare aanbod as Trustee of agent vir 'n trust/maatskappy wat opgerig staan te word, onderteken, sal dit geag word dat die KOPER in sy persoonlike hoedanigheid kragtens hierdie openbare tender aanbod die eiendom gekoop het, tensy gemelde trust/maatskappy binne 21 (EEN EN TWINTIG) dae na die datum van ondertekening deur die VERKOPER, ingelyf word en die voorwaardes bekragtig, in welke geval die KOPER hom hiermee teenoor die VERKOPER as borg en medehoofskuldenaar in *solidum* met sodanige trust/maatskappy vir die tydige en behoorlike nakoming deur laasgenoemde van al die se verpligtinge as KOPER kragtens hierdie voorwaardes verbind.
6. Die EIENDOM word verkoop volgens die bestaande Kaart(e) en Transportakte(s) van die VERKOPER wat op versoek getoon sal word en die VERKOPER/OVK is nie aanspreeklik vir enige verskil of tekort wat by enige heropmeting van die EIENDOM bevind mag word nie en die VERKOPER doen afstand van enige oorskot wat by sodanige heropmeting bevind mag word. Die EIENDOM word verder verkoop onderworpe aan al die voorwaardes en serwitute, indien enige, wat in verband daarmee mag bestaan, of wat uiteengesit of na verwys word in die gemelde Transportakte van die VERKOPER.
7. Die EIENDOM word “voetstoots” verkoop met alle geboue en verbeterings daarop in die toestand waarin dit tans verkeer, en die VERKOPER is nie verantwoordelik vir enige gebreke, hetsy openlik of verborge nie en dit word hiermee verklaar dat geen waarborge stilswyend of uitdruklik ten opsigte van die eiendom met verbeterings en/of produksievermoë gegee is nie. Die Koper erken en verklaar dat hy die EIENDOM en alle verbeterings daarop (voltooi en half voltooid) noulettend geïnspekteer het en dat hy vertrou en tevrede is met die toestand van die gemelde EIENDOM.
8. Die aanvanklike Aanbiedinge sluit om **16h00 op 21 September 2018**. Behoorlik voltooide aanbiedinge, in verseëelde koeverte en duidelik gemerk: “OPENBARE TENDER AANBOD: “FOURIESBURG PLAAS vir aandag Pieter Minnaar” moet die kantore van die OVK te Posbus 96, LADYBRAND 9745 en/of by straatadres: Dan Pienaarstraat 19,

LADYBRAND 9745 bereik voor **16h00 op 21 September 2018** of per epos by pieterm@ovk.co.za. Die onus rus op die aanbieder om te verseker dat die epos ontvang is.

- 8.1 Die VERKOPER en/of enige van die verteenwoordigers van OVK sal poog om voor **16h00 op 24 September 2018** die *bona fide* aanbieders van die hoogste algehele aanbod op die plaas te verwittig. (die hoogste aanbieders se identiteit sal nie openbaar gemaak word nie en slegs die prys per hektaar sal aan die **vyf hoogste** aanvanklike aanbieders verskaf word).
- 8.2 Alle aanvanklike aanbieders sal die geleentheid gegun word om 'n tweede aanbod aan OVK te maak op die selfde wyse as in paragraaf 8 hierbo. Die 2de aanbidingsluit om **15h00 op 28 September 2018**.
- 8.3 Die VERKOPER/OVK word die geleentheid gegun tot **17h00 op 28 September 2018** om 'n aanbod of aanbidding te bekragtig op die wyse uiteengesit in paragraaf 9 hieronder.
9. Die verkoping is onderhewig aan die goedkeuring van die VERKOPER en die aanbieder sal derhalwe met sy borge, indien enige, deur sy openbare aanbod gebind wees tot op **28 September 2018 om 17h00** voor welke tyd en datum hy in kennis gestel sal word of die koop bekragtig word of nie.
 - 9.1 Die KOPER verklaar hiermee dat hy of sy genomineerde by die telefoonnommer/faksnommer/E-pos adres soos wat hy by die ondertekening van hierdie voorwaardes aan OVK (Pieter Minnaar) sal voorsien, beskikbaar sal wees tot die tyd en datum soos in klousule 9 vermeld om bekragtiging al dan nie van die koop te ontvang. Indien die KOPER of sy genomineerde nie beskikbaar is ten tye van bekragtiging van die koop, sal bekragtiging van die koop aan die KOPER geag gekommunikeer te wees by ondertekening van hierdie voorwaardes deur die VERKOPER.
10. Behalwe waar daar andersins met die VERKOPER gereël is, sal die koopprys van die EIENDOM soos volg betaal word:
 - 10.1 'n Deposito van tien persent (10%) van die koopprys betaalbaar in kontant of by wyse van 'n bankgewaarborgde tjek of elektroniese

oorplasing op die dag van aanvaarding van die openbare aanbod, welke kontant of tjek aan die oordragprokureur DU TOIT LOUW BOTHA PROKUREURS oorhandig sal word vir inbetaling op 'n rentedraende trustrekening vir krediet van die KOPER en die balans van die koopprys by registrasie van transport van die EIENDOM in die naam van die KOPER.

- 10.2.1 Die KOPER sal binne 30 (DERTIG) dae nadat die verkoping bekragtig is, soos hierbo vermeld, vir die krediet van die VERKOPER 'n bank of ander aanneemlike onherroeplike waarborg, betaalbaar vry van bankkommissie of wisselkoers op sodanige plekke en aan sodanige persone of instansies soos deur die VERKOPER of sy Agent aangewys, voorsien vir die behoorlike betaling van die balans van die koopprys.
11. Besit en okkupasie van die EIENDOM sal aan die KOPER verleen word op registrasie van transport of soos anders ooreengekom vanaf welke datum die EIENDOM met geboue en verbeterings die algehele risiko van die KOPER sal wees en die wins of verlies in verband met die EIENDOM aan die KOPER sal oorgaan. Indien die VERKOPER besit en okkupasie aan die KOPER verleen voor datum van registrasie van transport, sal die KOPER okkupasie huurgeld betaal teen 'n koers van prima min 2% van die koopprys per jaar, gereken vanaf datum van besitname wat maandeliks betaalbaar is tot en met datum van registrasie van die transport in die KOPER se naam.
12. Transport van die EIENDOM in die naam van die KOPER sal waargeneem word deur OVK se prokureurs, synde DU TOIT LOUW BOTHA ING in Ficksburg.
13. Vanaf datum van besit en okkupasie, sal die KOPER verplig wees om alle verbeterings op die EIENDOM op sy koste omvattend te verseker en sodanige versekeringspolis aan die VERKOPER as meegaande sekuriteit te sedeer, totdat hy transport ontvang het.
14. Die VERKOPER is verder verantwoordelik vir die volgende:
 - 14.1 Die VERKOPER onderneem onherroeplik en gee opdrag aan die oordrag prokureur om aan OVK kommissie ten bedrae van 1% (een present) plus BTW daarop van die verkoop bedrag te betaal wat gereken verdien te wees by die aanvaarding en ondertekening van die aanbod deur die VERKOPER of enige opskortende voorwaarde.

14.2 Die VERKOPER is verantwoordelik vir die verkryging en betaling vir 'n sertifikaat (elektriese bedradings sertifikaat) in ooreenstemming met die Bewoningsveiligheidswet nr. 85 van 1993 soos gewysig. Die VERKOPER sal binne 14 (VEERTIEN) dae nadat voorwaardes nagekom is, die oordrag kostes deur die KOPER betaal is en alle dokumentasie onderteken is, die genoemde sertifikaat aan die transportbesorger oorhandig. Indien die VERKOPER in gebreke bly om die sertifikaat te voorsien sal die KOPER die reg hê om die sertifikaat te verkry en magtig die VERKOPER die transportbesorger om kostes, ten einde die sertifikaat te verkry, te vorder van die netto opbrengs en aan die KOPER te vergoed. Die VERKOPER onderneem om geen veranderinge aan te bring aan elektriese installasies nadat die sertifikaat uitgereik en aan die transportbesorger gelewer is nie.

14.3 Die KOPER is aanspreeklik vir die volgende;

14.3.1 Betaling van alle belasting of heffings betaalbaar of reeds betaal ten opsigte van bogenoemde EIENDOM pro-rata bereken vanaf die datum waarop die KOPER besit van die EIENDOM ontvang. Die VERKOPER bevestig dat alle uitstaande heffings betaalbaar aan Eskom ten volle vereffen is. Die KOPER sal verantwoordelik wees vir enige kostes wat verband hou met die heraansluiting van enige van die kragpunte op die eiendom.

14.3.2 Betaling van hereregte ingevolge die Wet op Hereregte van 1949 soos gewysig, of BTW (Belasting of Toegevoegde Waarde), wat ook al van toepassing is.

14.3.3 Betaling van die koste van die Landmeter vir aanduiding van die grond die vasstelling van die bakens, ontkoppeling van titelaktes indien benodig.

14.3.4 Betaling van alle transportkoste betaalbaar ingevolge Regulasie 85 van die Registrasie van Aktes Wet Nr. 47 van 1937, soos gewysig, insluitende betaling van die verkryging van enige permit, uitklaring-sertifikaat of amptelike toestemming wat benodig mag word kragtens die voorwaardes van enige Wet op grondbewaring, onderverdeling van landbou grond en die bewaring van natuurlike hulpbronne en fisiese beplanning.

- 14.3.5 Betaling van die koste verbonde aan die verkryging van gesertifiseerde afskrif van die Kaart of Kaarte ten opsigte van die bogemelde EIENDOM, indien nodig.
- 14.3.6 Verkryging van en betaling vir nuwe kaarte, indien 'n heropmeting, onderverdeling of konsolidasie nodig mag wees.
- 14.3.7 Die KOPER erken hiermee dat hy homself vergewis het mbt die waterregte op die EIENDOM en dat hy nie die VERKOPER of OVK aanspreeklik sal hou voortspruitend uit enige moontlike voorstellings of waarborg wat deur die VERKOPER of deur OVK in die verband gemaak is nie.
- 14.3.8 Die KOPER erken hiermee dat hy verantwoordelikheid aanvaar om homself te vergewis oor enige moontlike grondeise wat ingestel of tans hangend is teen die EIENDOM by die Departement van Grondsake. Die VERKOPER, of enige van Agente word gevrywaar teen enige moontlike ondernemings gegee in die verband.
- 14.3.9 Ingevolge die regulasies van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit van 2004, verklaar die VERKOPER dat na die beste van sy wete daar geen indringer uitheemse spesies, soos gelys in die nasionale register uitgereik ingevolge voormelde Wet, op die EIENDOM teenwoordig is nie.
15. Hierdie ooreenkoms sal nie ongeldig verklaar kan word as gevolg van enige fout in die beskrywing (soos hierin vervat) van die EIENDOM of verbeteringe daarop nie. Die VERKOPER, of KOPER sal as gevolg van sodanige fout nie geregtig wees om 'n eis vir enige skadevergoeding die een teen die ander in te stel nie, maar die fout sal onmiddellik nadat dit ontdek word, reggestel word.
16. Die VERKOPER en KOPER erken dat hierdie voorwaardes die algehele ooreenkoms tussen hulle bevat. Verder sal geen afwysing van die voorwaardes hiervan geldig wees nie, tensy dit op skrif gestel word en deur beide die VERKOPER en KOPER onderteken is.
17. Ingeval die KOPER sou nalaat om al die voorwaardes van hierdie voorwaardes van verkoop getrou en stiptelik na te kom of uit te voer, sal

die VERKOPER in sy uitsluitlike keuse, die reg besit om spesifieke nakoming van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms teen die KOPER af te dwing, of anders kansellasië van hierdie ooreenkoms te eis. In laasgenoemde geval sal die VERKOPER die reg besit om die EIENDOM weer in besit te neem, tesame met alle verbeterings daarop, in welke geval die KOPER onderneem om die EIENDOM binne 48 uur na ontvangs van skriftelike kennisgewing deur die VERKOPER van sodanige nie-nakoming van enige van die voorwaardes te ontruim en weer in besit te plaas van die VERKOPER. Die KOPER sal alle betalings uit hoofde hiervan reeds deur hom gemaak verbeur ten gunste van die VERKOPER. Die KOPER sal verder nie geregtig wees om enige vergoeding hoegenaamd te eis nie ten opsigte van enige verbeterings deur hom op die EIENDOM aangebring of ten opsigte van enige geboue of enige oprigtings van welke aard of soort deur hom op die EIENDOM aangebring.

18. Dit word hiermee uitdruklik verklaar en ooreengekom dat alle gelde betaal deur die KOPER deur die VERKOPER behou kan word tot tyd en wyl die VERKOPER se skade per ooreenkoms of deur 'n Hofbevel, bepaal is, of soos ooreengekom waarna die balans indien enige, aan die KOPER terugbetaal sal word, of die KOPER aanspreeklik sal wees vir betaling enige tekort, na gelang van die geval. Hierdie bepaling benadeel geensins die VERKOPER se regte om enige aksie vir skadevergoeding teen die KOPER in te stel wat hy regtens mag hê nie. Ingeval van kansellasië van hierdie verkoping, sal die VERKOPER ook die reg besit, maar nie verplig wees nie om die EIENDOM onmiddellik te herverkoop ten einde sy eis vir skadevergoeding teen die KOPER te bepaal. Die KOPER sal verantwoordelik wees vir enige tekort wat die VERKOPER mag ly as gevolg van enige herverkoop, asook vir betaling van enige koste deur die VERKOPER aangegaan in verband daarmee.
19. Nieteenstaande teenstrydighede met enige van die voorwaardes van die Algemene Reg soos van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika, of enige van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms, hetsy uitdruklik of by implikasie, sal geen toegewing of verlening van uitstel deur die VERKOPER aan die KOPER toegestaan ten opsigte van enige betaling of handeling hierin beding vir die uitvoering deur die KOPER in enige opsig, beskou word as 'n afstanddoening deur die VERKOPER van sy reg om te enige tyd en sonder kennisgewing te eis dat elke

afsonderlike voorwaarde van hierdie ooreenkoms stiptelik deur die KOPER nagekom sal word.

20. Die KOPER stem hiermee (kragtens die bepalinge van Artikel 45 van Wet 32 van 1944, of enige wysiging of vervanging daarvan) toe dat die VERKOPER enige regsding wat hy teen die KOPER mag instel vir die afdwing van sy regte en regsmiddels onder die ooreenkoms, dit mag doen in die Landdroshof van enige distrik wat jurisdiksie het ten opsigte van die KOPER kragtens Artikel 28 van die voormelde Wet, of enige wysiging of vervanging daarvan, met dien verstande dat die VERKOPER in sy uitsluitlike diskresie die reg sal hê om 'n regsding teen die KOPER in te stel in enige Hooggeregshof met bevoegde jurisdiksie.
21. Behalwe in sover daar hierin uitdruklik voorsiening voor gemaak word, aanvaar die KOPER nie verantwoordelikheid vir enige verpligting van die VERKOPER ten opsigte van die EIENDOM nie, hetsy kontraktueel of wat andersins op die KOPER mag oorgaan as gevolg van enige Wet, Ordonnansie, Regulasies of Plaaslike Verordening en die VERKOPER sal verantwoordelik wees om sodanige verpligting na te kom en betaling te maak van enige bedrag verskuldig in terme daarvan.
22. Alle aanbiedinge wat na die sluitingsdatum van die openbare aanbod maar voor datum van bekragting gemaak word, sal direk aan die VERKOPER gemaak word. Die hoogste openbare aanbieder sal 'n reg van eerste weiering (right of first refusal) hê vanaf die sluitingsdatum van hierdie openbare aanbod tot datum van bekragting.
23. Die KOPER vrywaar die VERKOPER en OVK hiermee dat geen voorstelling gemaak is nie of die EIENDOM soos hierin vermeld onderhewig is aan enige huurooreenkoms, vruggebruik en/of reg van gebruik nie en dat geen opsie en/of voorkeepsreg en/of reg van eerste weiering aan enige persoon hoegenaamd gegee is ten opsigte van die EIENDOM nie.
24. Die VERKOPER en die KOPER kies *domicilium citandi et executandi* by die adresse soos hierin verskaf en enige kennisgewing aan die partye sal geag word behoorlik gedien te wees indien afgelewer by sodanige adresse.

25. Die VERKOPER waarborg hiermee dat benewens die eienaar en huurders, alle plaaswerkers of okkupeerders op die EIENDOM soos omskryf in Artikel 1 van Wet 3 van 1996 (hierna verwys na as die Grondhervormingswet) of okkupeerders soos omskryf in Artikel 1 van Wet 62 van 1997 (hierna verwys as die Verblyfregwet of ESTA) nie onwettige okkupeerders soos gedefinieer in Artikel 1 van Wet 19 van 1998 (hierna verwys na as die Onwettige Uitsettingswet) is nie. Dit word hiermee bevestig dat die VERKOPER alle arbeiders en okkupeerders aan die KOPER uitgewys het. Die VERKOPER waarborg dat daar geen ander arbeiders of okkupeerders op die EIENDOM is behalwe die wat uitgewys is. Die VERKOPER waarborg dat hy geen toestemming in terme van ESTA aan enige persoon gegee het, behalwe vir die bestaande okkupeerders wat reeds uitgewys is, om die grond te okkupeer soos beoog in Hoofstuk 3 van Wet 3 van 1996 en waarborg verder dat daar geen aksies hangend is in terme van Hoofstuk 3 van die Grondhervormingswet nie. Die VERKOPER aanvaar volle verantwoordelikheid ten opsigte van alle arbeidsaangeleenthede soos volledig omskryf in die volgende wetgewings;
- Grondhervormingswet – Wet 3 van 1996
 - Verblyfregwet of ESTA – Wet 62 van 1997
 - Onwettige Uitsettingswet of PIE – Wet 19 van 1998
26. Die VERKOPER bevestig hy is as 'n geregistreerde ondernemer in terme van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde geregistreer is. BTW is betaalbaar op die koopsom. Die KOPER sal gevolglik aanspreeklik wees vir betaling van alle oordragkoste, ingesluit hereregte en enige moontlike verbandregistrasiekoste wat gepaardgaan met die oordrag van die EIENDOM in die KOPER se naam.
27. Die KOPER sal die VERKOPER voorsien van 'n afskrif van sy Kennisgewing van Registrasie as 'n ondernemer, sodra dit beskikbaar is.
28. Hierdie verkoping is onderhewig daaraan dat die KOPER voor/of op die datum van lewering, 'n geregistreerde ondernemer sal wees, of dat die Ontvanger van Inkomste toestemming verleen dat die KOPER mag registreer, terugwerkend na die datum van lewering.

29. Indien die Ontvanger van Inkomste op welke rede ookal bepaal dat BTW ten opsigte van hierdie transaksie gehef moet word, sal die KOPER verantwoordelik wees vir betaling, op versoek van die VERKOPER 'n bedrag gelykstaande aan die BTW wat deur die VERKOPER ten opsigte van hierdie transaksie aan die Ontvanger van Inkomste oorbetaal moet word.

AANBIEDER: NATUURLIKE PERSOON

NAAM: _____

ID NR: _____

SELFOON NR: _____

ADRES: _____ (*domicilium citandi et executandi*)

TEL NR: _____ / FAKS NR: _____

E-POS: _____

Bied hiermee aan die bedrag van R _____

(woorde: _____)

Onderhewig aan hierdie voorwaardes van openbare aanbod.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____
2018.

As getuies:

1.

.....

Aanbieder

2.

INDIEN VAN TOEPASSING: OPENBARE AANBIEDER EGGENOTE
(Indien getroud binne gemeenskap van goedere)

Ek, die openbare aanbieder se eggenoot

NAAM:.....

ID NR:.....SELFOON NR:.....

ADRES.....

TEL NR.....FAKS NR:.....

EPOS.....

Verleen hiermee my toestemming tot die aankoop van die eiendom soos
Hierbo vervat.

Geteken teop hierdie..... dag van
2018.

As getuies:

1.

Gade aanbieder

2.

INDIEN AANBOD NAMENS 'N BESLOTE KORPORASIE

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE LEDE

VAN..... met adres

(domicilium citandi et executandi).....

GEHOU TE.....OP.....

1. DIE BESLOTE KORPORASIE 'N AANBOD MAAK OM DIE EIENDOM
TE KOOP.

VIR DIE BEDRAG VAN

R.....(woorde:.....)

2. Dat.....in sy
hoedanigheid as Lid hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig
is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluie, te onderteken
en ten uitvoer te bring.

GERSERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF,

.....(*handtekening*)

LID SE NAAM:_____

.....

LID SE NAAM: _____

.....

LID SE NAAM:

.....

LID SE NAAM:

.....

LID SE NAAM:

.....

INDIEN AANBOD NAMENS 'N MAATSKAPPY:

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE RAAD
VAN DIREKTEURE VAN

.....met adres

(*domicilium* *citandi* *et*
executandi).....

GEHOU TE.....

OP.....

OOREENGEKOM DAT:

3. DIE MAATSKAPPY 'N AANBOD MAAK OM DIE EIENDOM TE KOOP.

VIR DIE BEDRAG VAN

R.....(woorde:.....)

Dat.....in sy hoedanigheid as Direkteur hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

GERSERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF,

.....(*handtekening*)

DIREKTEUR

.....

DIREKTEUR

.....

DIREKTEUR

.....

DIREKTEUR

.....

DIREKTEUR

INDIEN AANBOD NAMENS 'N TRUST:

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE TRUSTEES VAN

.....met adres

(domicilium citandi et executandi).....

GEHOU TE.....

OP.....

OOREENGEKOM DAT:

1. DIE TRUST MAAK 'N AANBOD MAAK OM DIE EIENDOM TE KOOP.

VIR DIE BEDRAG VAN

R.....(woorde:.....)

Dat.....in sy hoedanigheid as Trustee hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

GERCERTIFISEER 'N WARE AFSCRIF,

.....(*handtekening*)

TRUSTEE

.....

TRUSTEE

.....

TRUSTEE

.....

TRUSTEE

.....

TRUSTEE

(vir voltooiing deur Verkoper)

Die hierin vermelde aanbieder se openbare aanbod word hiermee aanvaar en die koop word bekragtig deur die VERKOPER,

NAAM:.....

ID NR:.....SELFOON NR:.....

ADRES.....

TEL NR.....FAKS NR:.....

EPOS.....

en stel Du Toit Louw Botha Prokureurs aan om die registrasie van transport
(e)
van die eiendom aan die KOPER te behartig.

Geteken teop hierdie..... dag van
2018.

As getuies:

1.

2.

.....

Mnr Neil William Theron
EIENAAR

